

Saterdag 3 Oktober

Skrifgedeelte: Habakuk 1:12-17

Fokusgedeelte: Habakuk 1:12-17

Kla maar, die Heilige is in beheer en luister

Hoe gaan dit? Nee, ek kan nie kla nie. So antwoord ons dikwels, al is dit nie waar nie. Die Woord van God is vol klagtes. So gaan Habakuk dan voort met sy klagtes voor die Here.

Tog is hier ook groei in sy gesprek met God, en dit begin by 'n geloofsbelydenis oor Wie hierdie God is met wie hy in gesprek is. *“Is U dan nie uit die voortyd nie, o HERE, my God, my Heilige”* (1933/53-vertaling). Hierdie is geen handgemaakte god nie, maar die God wat self alles met sy hand gemaak het. Voor die magtige Galdeërs op die toneel verskyn het, het God reeds in sy almag opgetree. Dit is die God van die verbond wat nie vra om in jou hartjie in te kom nie, maar wat harte vir Homself vat.

Habakuk maak onderskeid tussen dit wat 'n mens oor sy omstandighede dink, en hierdie heilige God. God is die rots wat die fondament van sy lewe vorm, en daarom dan hierdie innige gesprek van vertroue tussen 'n onderdaan en sy Koning. Habakuk twyfel nie in God se antwoord nie, maar het vrymoedigheid om sy hart uit te stort. Hoe kan God mense hanteer asof hulle visse en insekte is? Hy kan, want Hy het alles gemaak.

En tog het die mens iets wat visse nooit kan hê nie, en dit is 'n lewende verhouding met die lewende God. In vers 17 vra Habakuk of die vyand se verwoesting nooit gaan stop nie. Gaan hulle maar net voortgaan om hulle nette uit te skud? Ken jy die antwoord? O nee, die Visser van mense gaan kom, en Hy gaan ook sy kinders vissers van mense maak. As Hy nette volmaak, is dit so vol dat dit wil skeur. Voor Hom mag jy kla, mits jy ook kan bely Wie Hy werklik is.

Sing: Psalm 91-1:1, 2

Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)